



# **DIE WIETA-LOUDITPROSES EN -METODOLOGIE**

**Weergawe 4 (Effektief vanaf 1 Oktober 2021)**

## **1. INLEIDING**

### **1.1. WIETA**

Die Suid-Afrikaanse wyn- en verwante bedrywe het etiese parameters in werking gestel waarvolgens hul impak gemeet word in die hantering van wydverspreide ontwikkelingsuitdagings wat diegene wat werk in wynproduksie en met ander landbouprodukte, in die gesig staar.

WIETA, 'n nie-winsgewende, vrywillige organisasie wat bestaan uit verskillende belanghebbers in die Suid-Afrikaanse wynbedryf, is formeel gestig in 2002 as die Wyn- en Landbou- Etiese Handelsvereniging wat handel dryf as WIETA. WIETA streef daarna om billike behandeling, verhoudings van wedersydse respek en menswaardige lewens te verseker in die strewe na 'n getransformeerde landbousektor.

### **1.2. Interpretasie en implementering van die WIETA-uditproses en -metodologie**

Deelnemers geregistreer op die WIETA aanlyn stelsel verbind hulself tot 'n onafhanklike, deelnemende en multi-dissiplinêre assessering van hul etiese handels- en arbeidspraktyk, deur 'n etiese audit teenoor die WIETA Etiese Standaard-Weergawe 4.0 (2021) te onderneem. Die WIETA Etiese Kode-Weergawe 4 (2021) moet gelees word in oorleg met die WIETA-Standaard, aangesien lede geaudit sal word volgens die Standaard se aanwysers en vereistes. Die WIETA-Standaard is beskikbaar op die WIETA-webtuiste by: [Wieta Standaard W4 2021.pdf](#)

### **1.3 Omvang van die WIETA-uditproses en -metodologie**

Die dokument dien as omskrywing van die vereiste beste praktyk-riglyne vir die implementering van die WIETA goedgekeurde auditproses en metodologie. Dit dek alle stappe wat geneem moet word voor, tydens en na 'n audit. Die auditproses en -metodologie is gemaakstaf teenoor internasionale standaarde soos SEDEX SMETA in die VK en die Europese Verbruikersgoedereforum se Volhoubare maatskaplike nakomingsinisiatief (SSCI), gebaseer in Parys.

### **1.4 Betrokkenheid van WIETA geregistreeerde deelnemers en hul verskaffers in die auditproses**

Lede van WIETA wat verantwoordelik is vir die produksie van wyn en wyndruiwe asook landbouprodukte, moet deelneem aan die auditproses soos vereis deur die lidmaatskapvereistes. Om te kwalifiseer vir die Billike Arbeid-sertifiseringseël, moet lede ook hul wyn-, druiwe- en/of verwante landbouverskaffers betrek by die auditproses.

Dit word gedoen deur:

- » die verskaffingsketting in te lig en die volgende te verduidelik: die agtergrond, proses, toepaslike WIETA-kode en -auditmetodologieproses;

- » die jaarlikse bywoning van die WIETA etiese handel en nakomingsopleiding-werkswinkels oor hoe om beste praktyk etiese besigheidstelsels op perseel te implementeer;
- » ontwikkeling van beste praktyk-beleide en -praktyke vir elke area van etiese praktyk;
- » Die aanmoediging van verskaffers in die wyn- en landbouverskaffingsketting om self lede van WIETA te word en WIETA se etiese oudits te onderneem. Hierdie vereiste verseker verder dat wynverskaffingskettings etiese omsigtigheidsondersoek demonstreer binne hul eie verskaffingsketting en regdeur die waardeketting.

Die verantwoordelikheid van verskaffers sluit die volgende in:

- Produsente en hul persele of plase word geregistreer by SAWIS voor hul registrasie voltooi word op die WIETA aanlyn stelsel.
- Alle wynplase wat behoort aan die lid se besigheid is registreer by SAWIS en weerspieël akkuraat op die WIETA-stelsel nadat aanlyn registrasie voltooi is.
- Nie-wynplase soos vrugteplase moet ook geregistreer word as nie-SAWIS-persele op die WIETA aanlyn stelsel.
- Alle landboubedrywighede op die perseel moet verklaar word om te verseker dat die oudit alle etiese risiko dek.
- Die aantal persele, druiwetonnemaat gepars, ontvang en/of geprosesseer per jaar asook liters geproduseer en/of gestoor, moet akkuraat aangeteken word.
- Produsente moet verseker dat totale tonnemaat en/of liters aangeteken op die WIETA aanlyn stelsel binne 'n jaar, ooreenstem met die syfers aangeteken by SAWIS en geverifieer deur 'n SAWIS-inspeksie in dieselfde oesjaar-jaar.
- Deur die aanlyn stelsel te gebruik, gee die produsentlede toestemming dat WIETA hierdie rekords kan verifieer met SAWIS, in ooreenstemming met POPIA-vereistes.
- Aparte betaalstaat- en bestuurstelsels moet gekoppel word aan aparte, korrekte profiele. Hierdie profiele kan egter ook gekoppel word aan of onder beheermaatskappy-profiele.
- Daar sal van ouditeurs vereis word om beide die hoofkantore asook satellietpersele te oudit.
- Oudits moet plaasvind tydens periodes van spits operasionele bedrywighede aangesien dit 'n vereiste is dat twee-derdes van beide permanente en seisoenale personeel op die perseel teenwoordig is ten tyde van die oudit. Om die beroepsgesondheid- en veiligheidsnakoming te inspekter, moet die perseel operasioneel wees ten tyde van die oudit.
- Dit is 'n vereiste dat bestuur teenwoordig is op die dag van die oudit, en bestuur mag nie vervang word deur 'n eksterne party of eksterne verteenwoordigers nie.

Verantwoordelikhede van konsultante wat optree namens verskaffers:

- Die rol van konsultante wat optree namens verskaffers moet gekommunikeer word deur die kliënt aan die konsultant voor die oudit.
- Konsultante mag die kliënt voor die oudit assisteer en adviseer met beleidontwikkeling, implementering van prosesse, prosedures en beste praktyke, dokumentasie en

rekordhouding, opleiding, kapasiteitsbou en vooraudit-assessering, asook na die audit met die interpretasie, advies en implementering van korrektiewe aksies en ondersteuning met deurlopende verbetering

- Op die dag van die audit, mag die konsultant egter nie inmeng met die auditproses, die auditeur se pligte, of poog om die omvang van die audit te verander nie.
- Enige poging om in te meng met die aanstelling van 'n spesifieke hoofauditeur wat gunstiger is vir die kliënt, of inmenging met die integriteit van die auditomvang, die auditproses, of uitkoms van die auditresultate sal beskou word as 'n oortreding van die WIETA-standaardvereistes vir goeie besigheidsetiek en sal aangemeld word as 'n kritiek onder die WIETA-kode-werkverrigtingarea van Bestuurstelsels – Anti-korrupsie en omkoperij.
- Die konsultant mag nie die kliënt en/of bestuur op die dag van die audit verteenwoordig nie. Bestuur moet teenwoordig wees by die audit.

## 1.5 Ouditomvang

WIETA-oudits fokus op die hele werksmag binne 'n besigheid se bedrywighede; ofskoon werkers direk of indirek in diens geneem word, deur 'n arbeidskontraakteur, tydelike indiensnemingsdiens of deur gedeelde hulpbronne met 'n besigheidsvennoot. Die duur en kompleksiteit van die WIETA-audit sal afhang van drie faktore, naamlik:

- Die aantal werkers, ofskoon direk of indirek gewerf (seisoenaal en/of kontrak) en aangestel;
- Die aantal persele (multipersele of enkelpersele) en die grootte van die besigheid;
- Die aantal bestuurstelsels op een perseel.

### 1.5.1 Eenperseel-oudits

Eenperseel-oudits is audits uitgevoer op sekondêre produksiepersele soos 'n kelder, bergings- of bottelingspersele of primêre landbouplase waar die besigheid 'n totale werkerkomponent van meer as 20 werkers het, direk in diens geneem. Dit sluit in permanente en seisoenale personeel en waar nie gebruik gemaak word van enige gekontrakeerde werkers wat onder 'n verskillende bestuurstelsel in diens geneem word nie, byvoorbeeld deur 'n agridiensteverkaffer of tydelike indiensnemingsdiens, of deur 'n besigheidsvennoot.

### 1.5.2 Eenperseelaudit met veelvuldige bestuurstelsels

Hierdie audit tipe is toepaslik waar 'n enkelperseel veelvuldige bestuurstelsels in plek het, soos die volgende:

- 'n Kelder en een of meer landboubedrywighede op dieselfde perseel, of
- veelvuldige landboubedrywighede onder verskillende bestuurstelsels op dieselfde perseel
- Kelder, bottelings-, bergings- of produksiefasiliteit wat permanente en/of tydelike werkers onder een bestuurstelsel in diens neem, en gebruik maak van 'n tydelike

indiensnemingsdiens of gekontrakteerde arbeiders met hul eie bestuurstelsel.

- 'n Landbouplaas wat permanente en/of tydelike werkers onder een bestuurstelsel in diens neem en gebruik maak van tydelike indiennemingsdienste of gekontrakteerde arbeiders met hul eie bestuurstelsel.

Dit word aanbeveel dat elke bestuurstelsel registreer onder 'n verskillende profiel, maar dat die profiele dan saamgekoppel word onder 'n sentrale produsentregistrasie op die WIETA-platform.

### 1.5.3 Multiperseel-oudits

Hierdie oudittipe is geskik vir besighede met veelvuldige persele wat almal onder een bestuurstelsel val, soos die volgende:

- Veelvuldige plase wat bedryf word onder een bestuurstelsel
- Kelders met veelvuldige plase, bv. landgoed met veelvuldige wingerdeïendomme.
- Kelders met bottelerings- en bergingsfasiliteite.
- Groothandelaars met 'n gesentraliseerde bestuurstelsel waaronder veelvuldige kelders, bottelerings- en bergingsfasiliteite rapporteer.

### 1.5.4 Kleinprodusente-persele

'n Klein produsent of kleinhoewe word tipies gedefinieer deur die volgende eienskappe:

- Produseer relatief klein volumes en/of tonnemaat
- Besit klein plote grond
- Produseer vir uitvoer ongeag hul grootte
- Het oor die algemeen minder hulpbronne as kommersiële skaal-boere
- Is afhanklik van 'n klein aanbod plaaswerkers wat woon op die plaas of huur seisoenswerkers deur 'n tydelike indiennemingsdiens, landboudiensverskaffer, besigheidsvennoot-ooreenkoms of deel werkers met buurplase.
- Kan kwesbaar wees binne verskaffingskettings.

'n Kleinprodusent-perseel is 'n plaas wat bedryf word met 'n totale werkerkomponent van minder as 20 werkers (insluitend permanent, seisoenaal en gekontrakteer), en 'n landbouperseel van minder as 20 hektaar het; die perseel kan aanspraak maak op kleinprodusent-status en vir sodanige lidmaatskap aansoek doen.

Vereistes wat nie van toepassing is op klein produsente nie, word uiteengesit in die WIETA-Standaard Weergawe 4 (2021).

Die volgende vereistes bly geldig vir klein produsente:

- Die sertifiseringsproses soos uiteengesit op die WIETA aanlyn stelsel geld steeds
- SAWIS-registrasie word steeds vereis

- Voltooiing van die SAV, ouditversoek, ouditvereistes en voltooiing van korrektiewe aksies vir aftekening, ouditgraderingstelsel en ouditsiklus geld steeds
- Al die WIETA-standaard se werkverrigtingareas geld steeds
- Die nie-nakomingsklassifikasies van kritiek, groot en gering geld steeds soos uiteengesit in die etiese werkverrigting-risikomatriks.
- Lessenaarhersiening-opvolgoudits word toegelaat in gevalle waar daar voldoende dokumentêre of fotografiese bewyse is om aftekening van die bevinding te regverdig. Hierdie voorsiening is gemaak om bekostigbaarheid te verseker vir klein produsente.
- Die insidente-aanmelding- en oortredingsprosedures geld steeds.

Daar moet kennis geneem word van die volgende:

- Die aanspraak op klein produsent-status volgens die definisie hierbo verskaf, kan uitgedaag word deur 'n ouditeur en aangemeld word op 'n oudit onder bestuurstelsels as 'n kritieke bevinding, indien daar genoeg bewyse is ter ondersteuning daarvan dat die besigheid nie voldoen aan die vereistes nie en het doelbewus of onopsetlik deur misverstand van die vereistes, hul WIETA-lidstatus wanverteenwoordig
- Sou die status van die produsent verander tydens die lewensiklus van die oudit, sal die besigheid onmiddellik vir WIETA moet inlig van hierdie veranderinge.
- Die SAV moet die status en grootte van die bedrywigheede ten tyde van die ouditdatum akkuraat weerspieël.
- Teenstrydighede in die omvang en status van die klein produsent wat voortspruit tussen die inligting op die lidprofiel, die SAV en die waarnemings van die ouditeur op die dag van die oudit, sal lei tot 'n kritieke bevinding onder bestuurstelsels.

### 1.5.5 Handelaars

'n Handelaar word tipies gedefinieer as 'n bedrywigheid wat wyn inkoop, stoor, botteler en/of verpak, etiketteer en verkoop na markte.

'n Handelaar:

- Besit nie enige fasiliteite nie, maar kan fasiliteite huur vir berging, verpakking en bottelering.
- Neem nie 'n werksmag in diens om die bedrywigheede van berging, verpakking of bottelering uit te voer nie.
- Verkry nie produk van enige landboubedrywigheede in hul besit nie, maar koop eerder die geprosesseerde produk in.
- Sou direk koop van produsentebedrywigheede wat WIETA gesertifiseer is en hierdie bedrywigheede koop om die beurt van WIETA gesertifiseerde produsente en verbouers.

'n Besigheid wat voldoen aan hierdie vereistes kan beskou word as 'n handelaar en aansoek doen vir sodanige lidmaatskap.

Vereistes wat nie van toepassing is op handelaars nie word uiteengesit in die WIETA-Standaard Weergawe 4 (2021).

Die volgende vereistes bly geldig vir handelaars:

- Die sertifiseringsproses soos uiteengesit op die WIETA aanlyn stelsel geld steeds
- SAWIS-registrasie word vereis
- Voltooiing van die SAV, ouditversoek, ouditvereistes en voltooiing van korrektiewe aksies vir aftekening, ouditgraderingstelsel en ouditsiklus geld steeds
- Die nie-nakomingsklassifikasies van kritiek, groot en gering geld steeds soos uiteengesit in die etiese werkverrigting-risikomatriks
- Lessenaarhersiening-opvolgoudits word toegelaat in gevalle waar daar voldoende dokumentêre of fotografiese bewyse is om aftekening van die bevinding te regverdig. Hierdie voorsiening is gemaak om bekostigbaarheid te verseker vir handelaars.
- Die insidente-aanmelding- en oortredingsprotokol (Bylaag 1) geld steeds.

Die volgende WIETA-standaard-werkverrigtingareas geld vir handelaars:

- Bestuurstelsels  
Bestuurstelsels word geassesseer en die besigheid se verbintenis tot maatskaplike verantwoordelikheid en etiese verkryging binne hul verskaffingsketting, word in ag geneem. Beleide wat 'n verbintenis tot die WIETA-Standaard aanspreek en wat prakties die effektiwiteit van hierdie verbintenis bewys, word geassesseer. Hierdie beleide word dan gekommunikeer aan enige besigheidsvennote, besture en werknemers.
- Etiese verkrygingsbeleide en -praktyke  
Die besigheid benodig 'n etiese verkrygingsbeleid wat gekommunikeer word aan alle verskaffers. Die effektiwiteit van hierdie beleid sal geëvalueer word teenoor hoe verhoudings met verskaffers bestuur en gemoniteer word vir risiko.
- Verskaffingsketting-monitoringstelsels  
Besigheidsvennote moet gemoniteer word teenoor enige en alle etiese risiko. Monitoring kan in die vorm wees van informele kontrolelyste, afskrifte van etiese sertifisering bekom van die bron, vereistes vir oudit en ouditverslae bekom, of maatskaplike naspeurbaarheid onderneem teenoor die produksiefasiliteite en produk.

Daar moet kennis geneem word van die volgende:

- Die aanspraak op handelaar-status volgens die definisie hierbo verskaf, kan uitgedaag word deur 'n ouditeur en aangemeld word op 'n oudit onder bestuurstelsels as 'n kritieke bevinding, indien daar genoeg bewyse is ter ondersteuning daarvan dat die

besigheid nie voldoen aan die vereistes nie en het doelbewus of onopsetlik deur misverstand van die vereistes, hul WIETA-lidstatus wanverteenwoordig

- Sou die status van die produsent verander tydens die lewensiklus van die oudit, sal die besigheid onmiddellik vir WIETA moet inlig van hierdie veranderinge.
- Die SAV moet die status en grootte van die bedrywighede ten tyde van die ouditdatum akkuraat weerspieël.

Teenstrydighede in die omvang en status van die klein produsent wat voortspruit tussen die inligting op die lidprofiel, die SAV en die waarnemings van die ouditeur op die dag van die oudit, sal lei tot 'n kritieke bevinding onder bestuurstelsels.

#### **1.6 Vereistes vir groothandelaars en kelders om die Billike Arbeid-sertifiseringseël te dra**

Dit is 'n vereiste dat alle verskaffers wat verskaf aan 'n kelder of groothandelaar 'n geldige WIETA-oudit en -sertifisering op 31 April van 'n spesifieke oesjaar-jaar moet hê om te kan kwalifiseer om hierdie seël op hul verpakking te dra.

#### **1.7 Faktore wat 'n impak het op die duur en lengte van 'n oudit**

- Direkte werwing en indiensneming van permanente en seisoenale personeel
- Die aantal persele
- Die afstand tussen persele
- Die grootte van die perseel/persele
- Die grootte en aantal bedrywighede op die perseel/persele
- Die aantal werkerbehuisingsstrukture en plaasbewonerakkommodasie-fasiliteite
- Die aantal verwante bestuurstelsels gekoppel aan die perseel en/of landboubedrywighede
- Die grootte van die werksmag
- Die kompleksiteit van die bestuurstelsel.

#### **1.8 Ouditmetodologie-benadering**

Die benadering gebruik deur ouditeurs is 'n holistiese benadering waar al die beginsels van die WIETA-Standaard wat tersaaklik is tot die perseel, geëvalueer word teenoor die werks- en lewenstoestande binne die primêre en sekondêre landbou-, kos- en wynproduksie-, prosessering-, bottelering- en verpakkingsruimtes.

Die ouditeurs word opgelei volgens internasionale standaarde uiteengesit en individueel geassesseer deur die Vereniging vir Professionele Maatskaplike Nakoming-Ouditeurs (APSCA). Die ouditeur sal hulle professionele oordeel en kundigheid gebruik om vas te stel of:

- Tersaaklike beleide, stelsels en prosedures in plek is;
- Hierdie beleide effektief geïmplementeer en beoefen word;



- Hierdie beleide, stelsels en prosedures effektief werkers se regte, veiligheid en werkstoestande beskerm;
- In ooreenstemming is met Suid-Afrikaanse wetgewing en die WIETA-Standaard W4 (2021).

## **2. DIE OUDITPROSES**



### **3. RISIKO-EVALUASIESTELSEL**

#### **3.1 Opleiding in volhoubare etiese besigheidspraktyk**

Implementering van die WIETA-etiese kode en -standaarde stel 'n besigheid in staat om die tersaaklike etiese en wetlike bevoegdheid en beste praktyk-kennis te ontwikkel om hulle werksmag, verskaffers en belanghebbers te betrek en om kritieke risiko's te monitor onder wynverskaffers.

Nakoming van die WIETA-Kode vereis kennis van alle tersaaklike Suid-Afrikaanse wetgewing, 'n begrip van hoe die WIETA-Standaard belyn is met internasionale etiese en volhoubaarheidsregulasies, menseregte en arbeid- VN- en ILO-konvensies, asook die vermoë en bereidwilligheid om maatskaplik verantwoordelike besigheid-beste praktyke binne die besigheid en hul verskaffingsketting prakties te implementeer. Besighede of lede en hul verskaffers word aangemoedig om opleidingswerkswinkels by te woon oor die WIETA-kodevereistes, die implementering daarvan en die ontwikkeling van volhoubare etiese praktyke, op 'n jaarlikse en gereelde basis. Die opleidingsdatums sal gekommunikeer word via Mailchimp. Besighede kan ook die WIETA-kantoor kontak vir datums.

#### **3.2 Die ontwikkeling van risiko-evaluasiestelsels**

Besighede moet 'n effektiewe proses implementeer om maatskaplike nakoming te meet en risiko's te identifiseer op die perseel, met tydelike indiensnemingsdienste en in hul verskaffingskettings. Dit sal die besigheid in staat stel om te fokus op sleutelareas van potensiële risiko en hul oudithulpbronne ooreenkomstig aan te wend.

#### **3.3 Selfassesseringsmodule**

Die selfassesseringsvraelys (SAV) stel die besigheid of diensperseel in staat om hulself te assesser teenoor plaaslike en internasionale arbeidstandaarde en hoe die besigheid maatskaplike nakoming bestuur. Dit word gedoen deur die lid te versoek om 'n reeks vrae te beantwoord wat belyn is met die WIETA-standaardvereistes en ondersteunende dokumentasie ter staving hiervan te verskaf. Hierdie inligting kan gebruik word as die basis vir 'n risiko-evaluasiestelsel. Die ouditeur sal die inligting gebruik wat bekom is van die selfassesseringsmodule op die WIETA-platform by [WIETA \(ethicaltrade.co.za\)](http://WIETA(ethicaltrade.co.za)) om te beplan vir die audit en potensiële hoërisiko-areas te verifieer.

Besighede het ses maande vanaf die datum van registrasie op die aanlyn stelsel om die SAV aanlyn te voltooi. Daar word verder van besighede vereis om jaarliks hul SAV te hersien. Die inligting verskaf in die SAV sal gemeet word teenoor die audit om die akkuraatheid van die antwoorde verskaf in die SAV te verifieer.

'n Self-assesseringsvraelys bestaan uit twee dele:

1. Vooraudit-diensperseelprofiel: Voorlopige inligting vereis om 'n maatskaplike audit te reël by jou werkplek.

1.1 Organisasiebesonderhede;

1.2 Persele wat geaudit moet word;

1.3 Werksmag;

1.4 Tydelike indiensnemingsdiens, indien toepaslik.

2. Self-assesseringsvraelys

2.1 Opleidingsbesonderhede;

2.2 Ander sertifisering;

2.3 SEDEX-vereistes – Vir VK-markte slegs op hul versoek;

2.4 Inligting wat verband hou met komponente van die WIETA-gedragskode.

## 4. OUDITVERSOEK

### 4.1 Loodsing van die auditversoek

Oudits word aanlyn versoek (op die WIETA-etiese handel-webwerf by [www.ethicaltrade.co.za](http://www.ethicaltrade.co.za)) na die voltooiing en goedkeuring van die lid se SAV. Geen auditversoeke kan goedgekeur word sonder dat 'n SAV voltooi en goedgekeur is nie.

Oudits kan versoek word deur die volgende entiteite:

- » Die geregistreerde deelnemer;
- » Die deelnemer se afgevaardigde diensperseel;
- » Verskaffers aan die geregistreerde deelnemer;
- » Die kopermaatskappy;
- » Enige ander party met 'n belang in die kommersiële verhouding en maatskaplike werkverrigting van die diensperseel. Byvoorbeeld, bedryfs- of moniteringsliggame.

Enige besigheid/organisasie wat 'n audit versoek word bestempel as 'n “auditversoekeer”. Slegs aktiewe, opbetaalde lede kan toegang tot die aanlyn stelsel verkry en 'n auditversoek indien. Lede word versoek om te verseker dat hul jaarlikse lidmaatskap op datum is. Enige lede wat agterstallig is met hul lidmaatskapfooi op 120 dae sal geblok word van die WIETA aanlyn stelsel en sal nie toegang kry tot hul SAV, 'n auditversoek, enige vorige rekords of huidige geldige sertifikate van auditvoltooiing en aftekening nie.

Alle auditversoeke moet voltooi word op die WIETA-platform. Enige auditversoeke wat onderneem word volgens reëling met die individuele auditliggaam en nie deurgesit word op die WIETA-platform as 'n formele auditversoek nie, sal nie aanvaar word deur die stelsel nie

en daarom sal geen ouditverslag in so 'n geval aanlyn uitgereik kan word nie.

## 4.2 Inligting vir die ouditversoenk

Die volgende inligting moet verskaf word om die ouditversoenk in te dien, en word gebruik om die omvang van die oudit te bepaal:

- » Alle persele wat geoudit moet word;
- » Of die oudit erkenning van ander standaarde moet insluit, bv. SIZA;
- » Jaar waarin oudit moet plaasvind;
- » Verkieslike maande vir die oudit;
- » Identifisering van maande wanneer die hele werksmag beskikbaar is; (persentasie werkers wat teenwoordig moet wees is 66% – twee-derdes)
- » Aanduiding of 'n tolk benodig word.

Die bogenoemde inligting, saam met die inligting bekom uit die self-assesseringsvraelys, stel ouditliggame verder in staat om:

- ✓ Tersaaklike opdraggewende materiale voor te berei (bedryfsesifiek).
- ✓ Die assersering te beplan, byvoorbeeld:
  - die aantal werkers op die perseel op die dag (66% van die totale werksmag),
  - geslag- en taalbevoegdhede van die ouditspanlede en die vereiste aantal ouditeursdae (sien 0 – ouditlengte).

Lede kan kies om derde partye toegang te gee tot hul aanlyn profiel op die etiese handelwebwerf, insluitend maar nie beperk nie tot die ouditbevinding en enige ander kennisgewings vir groter deursigtigheid. Hierdie toestemming en toegang moet skriftelik versoenk word van WIETA.

Sodra die ouditversoenk ingedien is, word die versoenk outomaties herlei na die betrokke ouditliggaam geselekteer. Die ouditskeduleerder by die ouditliggaam sal 'n hoofouditeur aanwys en, waar dit vereis word deur die grootte en tipe oudit, 'n assistentouditeur. 'n Hersiener word ook gekies om die finale verslag te hersien vir kwaliteitasserseringdoeleindes. Die hersiener moet ook 'n WIETA erkende hoofouditeur wees.

## 5. VOORBEREIDING VIR 'N OUDIT

### 5.1 Agtergrond- en kontekshersiening

Die ouditeur moet ten volle bewus wees van die toestande, uitdagings en kwessies wat heers in die land, streek en bedryf waar die oudit uitgevoer word. Die ouditeur moet in

gereelde kontak wees met die plaaslike, tersaaklike burgerlike organisasies wat goed ingelig is oor die kwessies wat werkers affekteer. Burgerlike organisasies kan NRO's, vakbonde, akademiese instellings, bedryfsliggame, of enige ander tersaaklike organisasies wees. Die ouditeur sal ook gereeld inligting inwin oor wyer maatskaplike, ekonomiese en politieke kwessies wat werkers en die plaaslike gemeenskap affekteer, van 'n wye verskeidenheid bronne insluitend regerings- en burgerlike organisasies.

'n Diepgaande kennis van beide internasionale en Suid-Afrikaanse arbeidsreg, gesondheid- en veiligheidsregulasies, asook hangende wysigings aan sodanige wette en tersaaklike presedentereg (wat verband hou met die implikasies vir implementering van die WIETA-Kode en -Standaard Weergawe 4, 2021) is alles voorvereistes om die breër konteks en spesifieke oudittoestande binne die wynbedryf en landbousektor as geheel te verstaan en implementeer.

## 5.2 Ouditorganisasie

### 5.2.1 Oudittepe

Die WIETA-oudit sertifiseer die hele perseel aangesien alle landbourisiko's op die hele perseel geoudit moet word. Oudits moet plaasvind tydens 'n periode wanneer die hele besigheid (dit sluit in diensperseel, insluitend kelders), ten volle operasioneel is (spits produksie of pars). In die geval waar die oudit gereël word op 'n ander tyd, moet tydelike werkers en/of werkers van 'n tydelike indiensnemingsdiens was tydens spits produksie of pars gebruik is, teenwoordig wees op die perseel. Versuim om die permanente en tydelike werkers te betrek by die oudit sal daartoe lei dat die oudit verklaar word as slegs 'n gedeeltelike oudit wat 'n opvolgoudit vereis – teen die lid se onkoste.

Sertifisering sal nie uitgereik word voor die opvolgoudit nie afgehandel en die korrektiewe aksies goedgekeur is nie. Versuim om die werkers op die perseel te hê tydens bedrywighele sal dus daartoe lei dat die oudit nie geldig is nie.

Oudits is gewoonlik –

- » **Aangekondig** (op 'n wedersyds gerieflike datum ooreengekom met die diensperseel).

Somtyds kan dit egter gebeur dat die koper van die verskaffer vereis om 'n onaangekondigde of semi-aangekondigde oudit te onderneem –

- » **Onaangekondig** (die diensperseel het geen voorafwaarskuwing van die oudit nie);
- » **Semi-aangekondig** (die diensperseel is bewus dat 'n oudit gaan plaasvind binne 'n gegewe tydperiode, maar die presiese datum van die oudit word nie gekommunikeer nie); soos per sertifiseringsvereiste.

Kopers sal hul vereistes baie duidelik moet maak aan verskaffers voor die oudit, en hierdie aangekondigde/semi- of nie-aangekondigde vereistes aan WIETA en die ouditliggaam kommunikeer ten tyde van die ouditversoek, sodat geskikte reëlins getref kan word voor

die skedulering van die audit.

In die geval van 'n semi-aangekondigde audit, kan die koper dalk spesifieke vereistes hê en versoek dat 'n audit aangekondig word binne 'n vensterperiode van enige iets tussen twee weke tot drie maande. Hierdie inligting moet duidelik gemaak word aan die auditliggaam en WIETA om te kan voldoen aan die kopervereiste.

Die werkverrigting van die besigheid op die **WIETA-Risikomatriks en -auditfrekwensie (bylaag A)** ten tyde van die sertifisering van die perseel kan gebruik word om 'n invloed uit te oefen op die tipe audit wat geselekteer word.

#### 5.2.1.1. Onaangekondigde audits

Onaangekondigde audits stel auditteurs in staat om die toestande by 'n diensperseel in 'n onvoorbereide toestand te assesser.

Daar is egter 'n risiko dat die lid hierdie tipe audit as 'n lokval beskou, dat die auditteur nie toegang sal kan verkry tot die fasiliteit of die nodige inligting nie, en dat personeel nie beskikbaar sal wees op die dag van die audit nie.

Om hierdie risiko's te minimaliseer, sal WIETA en die audit- of sertifiseringsliggaam hul beleid oor onaangekondigde audits kommunikeer aan verskaffers en dienspersele. Die beleid sal die volgende verklaar:

- » Oudits kan op enige tyd plaasvind op 'n onaangekondigde basis;
- » Daar word van alle persele verwag om beide vooraudit- en selfassesseringsinligting op die WIETA-Etiese handel-webwerf te verskaf by [www.ethicaltrade.co.za](http://www.ethicaltrade.co.za), en hierdie inligting moet akkurraat wees;
- » Auditteurs wat hul geloofsbriewe vertoon moet volle toegang gegee word tot die diensperseel;
- » Die nodige rekords moet altyd op die diensperseel gehou word of vrylik beskikbaar wees;
- » Permanente en tydelike werkers moet beskikbaar gemaak word vir onderhoude;
- » Inligting wat verband hou met arbeidskontrakteurs en hul kontrakwerkers moet ook beskikbaar wees.

#### 5.2.1.2 Semi-aangekondigde audits

Semi-aangekondigde audits kan die risiko's aan die lid verlaag en die vermoë van die maatskappy om te remedieer, verhoog.

#### 5.2.1.3 Aangekondigde audits

Die reg om 'n aangekondigde oudit uit te voer is deel van WIETA se vereiste vir alle geregistreerde persele.

Gegewe die risiko dat persele buitengewone stappe kan neem ter voorbereiding vir die oudit, is dit beste praktyk om 'n mengsel van aangekondigde, semi-aangekondigde en onaangekondigde oudits te gebruik om hierdie risiko te verlaag.

Geregistreerde persele word versoek om –

- » Vooraf ooreen te kom op 'n ouditdatum met die ouditmaatskappy wat die oudit uitvoer;
- » Vooraf vooroudit- en selfassesseringsinligting te verskaf wat op datum is en akkurraat;
- » Ouditeurs wat die korrekte geloofsbriewe vertoon, toe te laat om volle toegang te verkry tot die diensperseel op die dag van die oudit;
- » Die nodige rekords en betrokke personeel, permanente en tydelike werkers, beskikbaar te maak by die diensperseel op die dag van die oudit.
- » Te verseker dat die vereiste minimum aantal werkers (66% van die totale werksmag), beskikbaar is op die dag van die oudit.

Neem kennis dat alle POPIA-vereistes van die ouditliggaam en WIETA waargeneem en streng nagekom sal word.

### 5.2.2 Ouditlengte

Die aantal ouditeursdae by die diensperseel word gebaseer op die grootte van die werksmag asook die omvang en grootte van perseelbedrywighede.

Dit sal voorsiening maak vir voldoende tyd om onderhoude te voer met 'n verteenwoordigende steekproef van die werksmag en om dokumente te kontroleer wat verband hou met die steekproef. Die steekproef sal minstens die volgende insluit:

- » Die geslagsbalans van die werksmag. Waar of manlike of vroulike werkers die minderheid vorm, is dit belangrik dat die ouditspan die minderheid insluit in die steekproef. Dit moet ook in gedagte gehou word vir etniese, nasionale, linguïstiese, migrante- of geloofsgroepe.
- » Verskillende kontraktipes, byvoorbeeld permanent, tydelik en agentskapwerkers.
- » Verskillende departemente, insluitend tegniese, administrasie, sekuriteit, tuin-, huis- en kantienwerkers asook produksiewerkers.
- » Verskillende ampstaanwysings, byvoorbeeld werkers, toesighouers en bestuur.
- » Verskillende skofskedules.

Werkers sal individueel ondervra word, in groepe en in formele of informele ligginge sonder die teenwoordigheid van bestuur. Werkers sal verkieslik ondervra word in hul eie taal. Bestuur



of hul verteenwoordigers mag nie optree as tolke nie. Die ouditmaatskappy wat die oudit uitvoer, sal ouditeurs en/of werkeronderhoudvoerders verskaf wat in staat is om te kommunikeer in die taal gepraat deur die werkers.

Individuele onderhoude sal tussen 30 minute en 40 minute duur. Langer onderhoude kan wel in sommige omstandighede nodig wees soos groep- en fokusgroeponderhoude.

Die uitdagings om 'n ouditsteekproef te identifiseer maak dit moeilik om enige vaste reëls neer te lê rondom die lengte van die oudit. Die minimum aantal ouditeursdae wat benodig word vir 'n oudit word gewys in die tabel hieronder. 'n Langer oudit mag egter gebruik word indien hierdie riglyne nie genoeg tyd toelaat vir die uitvoering van betekenisvolle en nuttige onderhoude met die verteenwoordigende steekproef hierbo uiteengesit nie, of in die volgende gevalle –

- » Besonder groot fasiliteite;
- » Multilandgoed-persele;
- » Veelvuldige tale;
- » Onderhoude wat nie op die perseel uitgevoer kan word nie (in die geval van kontrakwerkers wat nie beskikbaar is nie);
- » Kwessies wat spesiale ondersoek noodsaak (bv. diskriminasie);
- » Grootte en geografiese verspreiding van die besigheid;
- » Ander onverwagse kwessies.

Die ouditeur sal 'n gedeelte van die werkers in elke kategorie van kontraktipe ondervra, bv. permanent, tydelik, seisoen en kontrak (werkers verkry van 'n tydelike indiensnemingsdiens). Die aantal werkers waarmee onderhoude gevoer word sal minstens gelyk wees aan die vierkantswortel van die **totale aantal werkers in elke kategorie**. Dit sal help om te verseker dat 'n meer verteenwoordigende steekproef gekies word.

***'n Voorbeeld van die aantal werkers waarmee onderhoude gevoer moet word, word uiteengesit in die steekproefgrootte-tabel hieronder –***

<b>Kontraktipe</b>	<b>Aantal werkers</b>	<b>Onderhoud-steekproefgrootte</b>
<i>Permanent</i>	<i>100</i>	<i>10</i>
<i>Tydelik</i>	<i>81</i>	<i>9</i>
<i>Kontrak</i>	<i>25</i>	<i>5</i>
<b>Totaal</b>	<b>206</b>	<b>24</b>

Wanneer die werkeronderhoud-steekproef vir elke kategorie werkers gekies word, is dit noodsaaklik om te verseker dat dit verteenwoordigend is van die samestelling van die perseel

se werksmag. Dit sluit in om seker te maak dat steekproewe verteenwoordigend is van die geslags-, etniese, nasionale en linguistiese balans van die werksmag, asook verteenwoordigend van migrante- of geloofsgroepe, asook verskillende departementstipes en ampstaanwysings. In die demonstrasie hierbo, sal 10 permanente werkers ondervra word en die 10 werkers wat gekies word sal verteenwoordigend wees van alle permanente werkers. Byvoorbeeld, indien die permanente werksmag grootliks uit mans bestaan en werkers wat 'n spesifieke taal praat, sal die steekproef dit moet weerspieël.

**Die minimum ouditeursdae op perseel vir oudits volgens werkeronderhoud-steekproefgrootte word in die tabel hieronder uiteengesit:**

Aantal werknemers uitsluitend bestuur	Ouditeursdae	Werkersonderhoude	Tyd bestee aan werkeronderhoude, individueel en in 'n groep
0 – 5	0.5	2	1 uur
6 – 99	1	10	2,5 uur
100 – 199	1,5	15	3,5 uur
200 – 299	2	18	4 uur
300 – 399	2,5	20	5 uur
400 – 499	3	23	5,5 uur
500 – 1000	3,5 tot 4	Minimum van 32	8,5 uur
<b>Addisionele ouditeursdae wat toegewys moet word in die volgende scenarios:</b>			
<b>Tydlike indiensnemingsdiens/arbeidskontraakteur op perseel, nie gesertifiseer</b>		<b>+ 0.5 dag</b>	
<b>Addisionele kelder of ander produksieperseel</b>		<b>+ 0.5 dae per perseel</b>	
<b>Multipersele – 1-2 addisionele persele meer as 50km vanaf hoofperseel</b>		<b>+ 0.5 day – 1 dag</b>	
<b>Multipersele – 3-4 addisionele persele meer as 50km vanaf hoofperseel</b>		<b>+ 1.5 dae</b>	
<b>Verslagskrywing</b>		<b>+0.5 dag</b>	
<b>Vir taalgroepe buiten Afrikaans of Engels wat 50% of meer van die werksmag in beslag neem:</b>		Tolk wat die taal van die betrokke taalgroep praat, moet beskikbaar gemaak word deur die auditmaatskappy.	

- Neem kennis dat die tyd toegewys nie voorbereiding vir die oudit, reis of verslagskrywingstyl insluit nie.

In die geval van kleiner verskaffers met minder as 5 werknemers, moet die grootte van die bedrywigheede en perseel in ag geneem word. Kleinhoewes en klein wingerde (10 hektaar of minder totale produksie) met minimum personeelgetalle word klein genoeg geag vir 'n halfdagoudit.

### 5.2.3 Ouditspan

Die oudit word uitgevoer deur 'n bevoegde maatskaplike ouditeur, wat in diens geneem word deur 'n derdeparty-ouditliggaam.

Ouditeurs en ouditliggame word gekies op grond van:

- » Ouditopleiding en -vaardighede;
- » Ouditervaring;
- » Plaaslike en bedryfsoperasionele kennis;
- » Taalvaardighede;
- » Geslags- en demografiese agtergrond verteenwoordigend van die werksmag;
- » Reputasie;
- » Integriteit;
- » Verbintenis tot die verbetering van maatskaplike nakoming.

Om enige belangekonflik te voorkom, moet die ouditeur of derdeparty-ouditliggaam geen konneksie met die diensperseel hê nie.

Kriteria:

- » Die ouditeur word slegs toegelaat om die perseel elke tweede ouditsiklus te oudit.
- » Die ouditeur mag geen verbintenis met die plaas, perseel of enige konsultant wat op die perseel gebruik word, hê nie.
- » Die ouditeur moet enige inligting wat verband hou met die kennis of verwantskap met die plaas of kelder, openbaar maak.

Die vereistes vir ouditeurbevoegdheid word vervat in die ***Ouditeurbevoeghede en -vereistes***-beleidsdokument (Bylaag B).

### **5.3 Kommunikasie van die ouditreëlings**

#### **5.3.1 Inligting vir die diensperseel**

Die ouditmaatskappy wat die oudit uitvoer, sal die volgende inligting kommunikeer aan die diensperseel ten minste 2 weke voor die oudit. Dit sal skriftelik gekommunikeer word:

- » Bevestiging van ontvangs van die SAV en enige verdere inligting vereis van die diensperseel.
- » Identiteit van die ouditversoekeer.
- » Datum van die oudit.
- » Inligting oor die ouditproses en die benadering tot maatskaplike nakoming en die gedragkode waarteenoor die diensperseel geoudit sal word.
- » Voorstelling van die ouditspan
- » Die ouditagenda, insluitend:
  - Tydsrooster

- Onderwerpe wat gedek gaan word
- » Sleutelpersoneel wat uitgenooi word om deel te neem aan die audit, insluitend maar nie beperk nie tot:
  - Bestuur
  - Menslike hulpbron- en betaalstaatspersoneel
  - Gesondheid- en veiligheidspersoneel
  - Werkerverteenwoordigers
- » Inligting wat die dienspersoneel moet kommunikeer aan werkers voor die audit, insluitend werkers se regte en aansprake in die auditproses, auditdoel, basiese reëls vir werkeronderhoude en vertroulikheid van die werkeronderhoude.
- » 'n Lys van dokumente wat die dienspersoneel beskikbaar sal moet maak aan die auditspan op die dag van die audit, insluitend:
  - Dienspersoneeluitleg/-vloerplan
  - Maatskappybeleid (insluitend maar nie beperk nie tot kinderarbeid, dissipline, diskriminasie en teistering, gesondheid en veiligheid, ens.)
  - Department van Arbeid-inspeksie/Geïntegreerde Produksie van Wyn-verslag, bv. sanitasie, brandveiligheid, strukturele veiligheid, omgewingsnakoming ens.
  - Prosedures (bv. grief/klagtes en dissiplinêre prosedures)
  - Bewyse dat prosedures gevolg word
  - Kollektiewe bedingingsooreenkomste (KBO)
  - Diensbillikheidsverslae
  - Vaardigheidsontwikkelingplanne
  - Dienskontrakte
  - Werwingsprosedure
  - Personeelrekords
  - Werknemerhandboek
  - Opleidingsrekords
  - *Gesondheid- en veiligheidsdokumente:*
    - Gevaarlike chemikalieë-lys
    - Ongelukkeboek
    - Gifrekords
    - Masjinerie-inspeksie/dienslogboek
    - Ongeluk- en beseringslogboek
    - Noodgeval-gebeurtelikhedsprosedures
    - Ontruimingsplan
    - Brandoefeninglogboek
    - COID-registrasie
    - Notule van gesamentlike gesondheids- en veiligheidskomitees
    - Kontrakteurooreenkomste – Artikel 37
    - Wetlike aanstellings
  - *Menslikehulpbron-dokumente:*
    - Betaalstaatrekords vir 12 maande:
    - Betaalrekords vir spits en lae operasionele tye van seisoen

- Ure en/of bywoningsrekords
- Bewyse dat betalings gemaak is
- Stukwerkrekords vir die laaste 12 maande (indien toepaslik)
- Tydsrekords vir laaste 12 maande
- Produksierekords
- Notule van vergaderings met werkervertewoorders/vakbonde
- Notules van vergaderings oor dissiplinêre aangeleenthede
- Werkloosheidsversekering, belasting en ander vereiste kwitansies
- Opleidingsertifikate
- Permitte, bedryfslisensies, sertifikate van bedrywighede, ens.
- Vorige maatskaplike oudit-verslae/korrektiewe aksieplan-verslag
- Proses vir waarskuwingskennisgewings.

### Konsep-ouditagenda

<b>Tyd</b>	<b>Agenda-item</b>
09:00	Openingsvergadering met bestuur en werkers
09:30 - 12:30	Onderhoude en perseelinspeksie
12:30 - 13:00	Dokumentasie-oudit
13:00 - 13:30	Middagete-pouse (ouditeurs verskaf hul eie middagete)
13:30 - 14:30	Dokumentasie-oudit/bestuuronderhoude
14:30 - 15:00	Ouditeursvergadering
15:00 - 15:30	Verifiëring van bevindings en ooreenkoms oor korrektiewe aksies met bestuur
15:30 - 16:00	Terugvoervergadering met bestuur en werkers

### 5.3.2 Geregistreeerde maatskappy-ouditvoorbereiding

Diensperseel-bestuur sal verseker dat:

- » Alle dokumentasie beskikbaar is op die dag van die oudit. Dit sluit in inligting en dokumente wat gewoonlik gestoor word op 'n ander ligging (bv. 'n sentrale kantoor waar betaalstaatdata verwerk word).
- » Relevante personeel by die diensperseel teenwoordig is.
- » Toesighouers en bestuurders opdrag gegee is om onverhinderde toegang tot die diensperseel te verleen aan die ouditeurs.

### 5.3.3 Inligting vir werkers

Duidelike inligting oor die oudit sal deur die diensperseel aan werkers gekommunikeer word, wat die doel van die besoek en die proses verduidelik. Hierdie inligting sal beskikbaar wees in die tale gepraat deur die werkers en sal die volgende insluit:

- » Die rol van WIETA en die WIETA-Standaard W4 (2021);
- » Die WIETA-plakkaat en -WhatsApp-hulplynnummer;
- » Die doel en omvang van die audit;
- » Bekendstelling van die ouditeurs en hul rol (met die klem daarop dat hulle onafhanklik en ekstern is);
- » Proses insluitend vertroulikheid van werkeronderhoude;
- » Kontakbesonderhede vir die ouditeur en vir enige ander fluitjieblaser-fasiliteit wat ondersteun word deur die auditversoeke.

#### 5.4 Ouditspan

Die audit sal uitgevoer word deur 'n span ouditeurs wat goedgekeur is deur WIETA. Dit is ouditeurs wat direk deur die auditliggame aangestel word. Hierdie auditliggame voldoen aan 'n stel WIETA-vereistes vir etiese versekering, uiteengesit in 'n diensvlakooreenkoms met die auditliggaam.

Die goedkeuringskriteria vir erkenning van WIETA erkende ouditeurs is as volg:

- Die ouditeur voldoen aan die vereistes soos uiteengesit deur die Vereniging vir Professionele Maatskaplike Nakoming-Ouditeurs (APSCA);
- Die ouditeur is geregistreer by APSCA met 'n geldige APSCA-nummer;
- Die ouditeur het APSCA-eksamenvereistes behaal;
- Die ouditeur voldoen aan WIETA-vereistes vir erkende kwalifikasies, totale aantal maatskaplike audits uitgevoer, deelname aan vereiste aantal WIETA-audits, aantal WIETA-opleidingsessies bygewoon, en kennis van die WIETA-Standaard Weergawe 4 (2021);
- Bedryfskennis;
- Taalvereistes van die perseel;
- Taal-, geslags- en demografiese agtergrond verteenwoordigend van die werksmag;
- Integriteit en professionalisme;
- Verbintenis tot die verbetering van maatskaplike nakoming en auditstandaarde.

## 6. OUDITUITVOERING

Die audit sal die volgende insluit:

- » Openingsvergadering;
- » Diensperseeltoer (en opsionele omtrekopname);
- » Bestuur- en werkeronderhoude;
- » Dokumentersiening;
- » Ouditspan voorafsluitingsvergadering;
- » Afsluitingsvergadering, insluitend opsomming van bevindings;
- » Ooreenkoms van bevindings;
- » Besoeke van perseel af indien nodig (bv. om kontrakwerkers te ondervra; in gevalle waar 'n perseel 'n gedeelte van hul bedrywighede laat uitvoer deur 'n subkontraakteur of indien

daar nie 'n waarborg van anonimiteit vir werkers is waarmee onderhoude gevoer word nie).

***As 'n algemene beginsel, moet die optrede van die ouditspan ten alle tye in die beste belang van die werkers wees.***

## 6.1 Openingsvergadering

Die openingsvergadering word uitgevoer in die taal wat deur almal verstaan word. Dit moet bygewoon word deur alle tersaaklike persone, insluitend –

- » Senior bestuur;
- » Bestuurders verantwoordelik vir sleutelfunksies;
- » Vakbond- of werkerverteenvoerders.

Dit sal formeel aangebied word in 'n formaat ooreengekom met die ouditversoeker om te verseker dat die ouditversoeker se perspektief duidelik gekommunikeer word in 'n gepaste toon.

In die openingsvergadering, sal die ouditspan:

- » Die ouditspan bekendstel.
- » Die doel en omvang van die oudit verduidelik –
  - Potensiële voordele vir die diensperseel (geleentheid vir bestuur om risiko te identifiseer en bestuur, geleentheid om betrokke te raak by deurlopende verbetering);
  - Duidelik maak dat die doel van 'n oudit deurlopende verbetering is;
  - Die standaard waarteenoor die oudit uitgevoer sal word (WIETA se gedragskode, toepaslike wetgewing, internasionale arbeidstandaarde).
- » Verduidelik dat die minimum vereiste deursigtigheid is.
- » Die ouditproses in breë trekke voorlê.
- » Die inligting hersien wat verskaf is in die vooroudit-perseelprofiel (insluitend vorige korrektiewe aksie-verslag en opvolgaksies).
- » 'n Lys van werkers versoek wat geskeduleer is om te werk op daardie dag, saam met enige besonderhede wat nodig mag wees om 'n verteenwoordigende steekproef te kies vir onderhoude (soos geslag, nasionaliteit, kontraktipe).
- » Die struktuur van die werkeronderhoude bevestig asook die beskikbaarheid van 'n geskikte ruimte waar dit uitgevoer sal word.
- » Enige spesiale reëlings/voorsorgmaatreëls benodig vir die diensperseel, bevestig.
- » Toestemming om foto's te neem bevestig.
- » Die proses verduidelik om 'n kritieke bevinding te opper, en die proses van waarskuwingskennisgewings;

- » Die proses ooreenkom vir kommunikasie van kwessies soos dit voorkom tydens die audit. Dit is beste praktyk om kwessies te kommunikeer soos dit voorkom, om konsensus te bou rondom bevindings en korrektiewe aksies, en bestuur in staat te stel om:
  - Addisionele bewyse te verskaf waar nodig;
  - Kwessies onmiddellik aan te spreek.
- » Die belangrikheid van bywoning by die afsluitingsvergadering bevestig en verseker dat alle sleutelpersoneel kan bywoon.
- » 'n Geleentheid bied vir vrae en om bekommernisse te hanteer.

**Nota:** Indien die diensperseelbestuur nie instem tot die deelname van werkerverteenwoordigers nie, sal die ouditeurs melding maak hiervan en 'n aparte vergadering reël met werkerverteenwoordigers.

## 6.2 Diensperseeltoer en -inspeksie

### 6.2.1 Proses

Die doel van die diensperseeltoer is om die ouditspan in staat te stel om die fisiese toestande en huidige praktyke in alle areas van die diensperseel waar te neem en om 'n indruk te vorm van hoe fisiese toestande opweeg tot die WIETA-gedragskode, asook wetlike en regulatoriese vereistes. Die bevindings van die toer word getrianguleer met bewyse van bestuur, werkeronderhoude en dokumentheriensing.

As 'n algemene beginsel, moet die ouditeur in staat wees om alle areas van die diensperseel te besoek en ook om die pas van die toer aan te gee. In sommige gevalle, kan dienspersele egter besoekers verbied om onvergesel deur produksieareas op die perseel te loop, of fotografie verbied vir veiligheidsredes of kommersiële vertroulikheid. Foto's word geneem as visuele verifiëring van 'n bevinding en sal gebruik word binne die auditverslag. Die ouditeur sal melding maak van beperkings op toegang of fotografie in die auditverslag, en indien hierdie beperkings onredelik voorkom, kan dit geëskaleer word in ooreenstemming met die vereistes uiteengesit in die **WIETA-Standaard W4 (2021) onder bestuurstelsels**. Waar die diensperseel verbied dat foto's geneem word, sal 'n perseelverifikasie uitgevoer moet word op 'n latere stadium om die korrektiewe aksies te verifieer, teen die perseel se onkoste.

Ouditeurs sal elke poging aanwend om te verseker dat produksie nie ontwig word tydens die diensperseeltoer nie, terwyl daar ook verseker moet word dat hulle die produksie-area kan besigtig tydens besige produksieperiodes.

Oudits moet rondom die perseel beweeg sonder dat produksie vertraag of onderbreek word. Die vermoë van bestuur om produksie voort te sit by die perseel tydens 'n besoek, is deurslaggewend om 'n akkurate idee te kry van werkstoestande en om bestuur se samewerking te verseker vir die res van die besoek. Ouditeurs moet dit in gedagte hou tydens die perseeltoer.



Om hierdie doel te bereik, sal die ouditeur byvoorbeeld –

- » Vra dat hulle vergesel word deur slegs een of twee persone, gewoonlik die perseel- of gesondheid- en veiligheidsbestuurder.
- » Bewus wees van perseelverkeer.
- » Dit vermy om te loop waar werkers probeer beweeg of produkte vervoer word vanaf een area na 'n ander.

Die ouditspan sal saam met bestuurders rondom die diensperseel, produksie-areas, stoorkamers, versendareas, werkerskantien, en kombuis loop, en indien van toepassing, behuising, crèche, mediese fasiliteite en alle ander areas ten einde –

- » Die werk gedoen by die diensperseel te verstaan.
- » Gesondheid- en veiligheidspraktyk te evalueer.
- » Potensieel kwesbare groepe werkers te identifiseer.
- » Melding te maak van waarnemings of kwelpunte.
- » Melding te maak van bewyse wat verband hou met ander areas van die kode en standaarde.
